



Lêerno.: 21/2/5/2/EMS

Verwysing: 20230213-1323

Kurrikulum AOO-minuut: 0002/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, AOO-koördineerders, Vakadviseurs vir die Senior Fase en Prinsipale van alle gewone openbare en onafhanklike skole

Onderwerp: Kennisgewing van werksessies vir professionele ontwikkeling van graad 7-onderwysers wat Ekonomiese en Bestuurswetenskappe onderrig

1. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD), in samewerking met die Universiteit Stellenbosch (US), nooi alle graad 7-onderwysers wat Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW) onderrig, om 'n opleidingskursus in Finansiële Geletterdheid by die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut (KOLI) by te woon.
2. Die doel van die werksessies vir professionele ontwikkeling is om die onderrig van EBW (Finansiële Geletterdheid) in graad 7 te versterk deur onderwysers met kennis en vaardighede toe te rus.
3. Die kursus sal deur lektore van US en die senior kurrikulumbepanner, dr. Antoinette Venter, aangebied word. Alle kursusmateriaal word deur die US, die WKOD en die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders onderskrif.
4. Die opleiding sal op **Vrydag, 31 Maart 2023** en **Saterdag, 01 April 2023**, plaasvind.
5. Die sessies sal in Engels en Afrikaans aangebied word.
6. Onderwysers word versoek om **op of voor Dinsdag, 28 Februarie 2023 aanlyn te registreer**, deur die volgende skakel te gebruik: <https://forms.gle/8Yro9hjBHe43c7pQA>. Skole moet die korrekte registrasie-inligting verskaf sodat enige logistieke probleme tydens die opleidingsessies vermy kan word. Die prinsipaal sal verantwoordelik gehou word vir onderwysers wat geregistreer het, maar weens finansiële implikasies nie die opleiding bygewoon het nie.

7. Reis

7.1 'n Reistoelaag sal betaal word, maar is onderworpe aan die volgende voorwaardes:

- Bywoning van die volle opleidingskursus moet bevestig word.
- Die totale afstand afgelê vir die **twee dae** moet **100 km oorskry** .
- Die totale afstand waarvoor vir die **twee dae** geëis word, mag **nie 800 km oorskry nie** .

7.2 Die eise ten opsigte van reis sal aan die hand van die volgende kriteria geassesseer word:

Gebruik van eie motorvoertuig	Onderwysers moet sover moontlik vervoer deel. Slegs die bestuurder/eienaar van die voertuig mag eis vir die kilometers afgelê. Die name van die passasiers moet gelys en ingedien word. Voertuie se lisensieskywe sal by die ingang van die KOLI geskandeer word.	
Gebruik van 'n saamryklub (betaal of gratis) in 'n privaat motorvoertuig	Slegs die bestuurder/eienaar van die voertuig mag eis vir die kilometers afgelê. Die name van die passasiers moet gelys en ingedien word. Voertuie se lisensieskywe sal by die ingang van die KOLI geskandeer word.	
Gebruik van die skoolbus	Die skool moet 'n brief indien wat aandui dat die skoolbus gebruik is om die onderwysers na hierdie kursus te vervoer. Die name van die passasiers en die afstand afgelê moet gelys en ingedien word. Voertuie se lisensieskywe sal by die ingang van die KOLI geskandeer word.	
Gebruik van 'n geregistreerde diensverskaffer <i>LW: skriftelike goedkeuring moet vooraf van die AOO-distrikskoördineerder verkry word.</i>	Stap 1	Die skool moet voor die opleiding drie kwotasies verkry.
	Stap 2	Die skool moet hierdie kwotasies by die AOO-koördineerder indien. Die laagste kwotasie sal aanvaar word.
	Stap 3	Die AOO-koördineerder moet skriftelik met die prinsipaal bevestig dat die diens wel gekontrakteer mag word.
	Stap 4	Die skool moet reëlins tref vir die huur van die diens.
	Stap 5	Nadat die diens gelewer is, moet die skool die diensverskaffer betaal en 'n kwitansie verkry.
	Stap 6	Om vergoed te kan word, moet die skool 'n brief by die distrikseisebestuurder indien waarin aangedui word dat die diensverskaffer gebruik is, asook die name van die passasiers en die besonderhede van die afstand wat afgelê is. Die kwotasies, die goedkeuring van die AOO-koördineerder en die finale betaalde faktuur moet aangeheg word.

	Alle papierwerk moet as bewys vir die interne ouditeur gehou word. Die WKOD sal die skool SLEGS vergoed sodra die ondertekende dokumentasie, insluitend die vooraf skriftelike goedkeuring van die AOO-distrikskoördineerder, ontvang word. Onderwysers moet 'n sentrale oplaai-punt reël waar almal as 'n groep opgelaa kan word.
Die gebruik van openbare vervoer, bv. taxi, bus of trein vir kort reisafstande	Eise moet die begin- en eindpunt van elke fase van die reis aandui. Vergoeding sal volgens standaardtariewe gemaak word. Bewyse (kaartjies) mag deur die eise-amptenaar versoek word om die eis te bekragtig. Geen eise vir huurmotors met metertariewe mag ingedien word nie.

8. Verblyf en maaltye (slegs van toepassing op onderwysers van landelike distrikte)

8.1 Verblyf en maaltye by die KOLI sal slegs verskaf word, **onderworpe aan die volgende voorwaardes:**

- Die afstand wat afgelê word om die opleidingslokaal te bereik, moet **60 km** vir een rigting **oorskry**, d.i. 'n retoerit van 120 km.
- Bywoning van die volle opleidingskursus moet bevestig word.
- Registrasie moet vooraf voltooi word.

8.2 Verblyf sal vanaf die eerste tot die laaste dag van die opleidingskursus verskaf word, met die opsie om vanaf 14:00 tot 17:00 op die dag voor die werksessie begin, in te teken.

9. U word vriendelik versoek om die provinsiale koördineerder, dr. Antoinette Venter, by Antoinette.venter@westerncape.gov.za of 021 467 2501 vir meer inligting te kontak.

10. Prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag te bring van graad 7-onderwysers wat EBW onderrig.

GETEKEN: H MAHOMED

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2023-02-14